2 April 2009

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR HENNIE KLEYNHANS,
BESTURENDE DIREKTEUR VAN AGRI INSPEC

Agri Inspec lê bedrogspul bloot

Die landbou-moniteringsmaatskappy, Agri Inspec, het met ‘n suksesvolle ondersoek daarin geslaag om 'n bedrogspul in die olyfoliebedryf bloot te lê in opdrag van die Oliesade Advieskomitee. Na agt jaar is die saak vanjaar eindelik afgesluit met 'n skuldigbevinding en boete-oplegging teen 'n aangeklaagde. Agri Inspec is ‘n filiaal van die Melkprodusente-organisasie (MPO).

Die saak teen Salvatore Pollizi, eienaar van Ital Verspreiders, is op 23 Maart in die Durbanse Handelshof afgehandel en hy is gevonnis met 'n boete van R250 000 of drie jaar tronkstraf, nadat hy op aanklagtes van bedrog skuldig bevind is. Pollizi het skuldig gepleit op die aanklagte, nadat oorweldigende bewyse teen hom ingewin is.

Die Oliesade Advieskomitee het Agri Inspec in 2001 opdrag gegee om die eetbare oliemark te ondersoek vir ongerymdhede. Agri Inspec het die saak saam met die komitee se verteenwoordigers, doeanebeamptes, die departement van gesondheid en Portnet ondersoek.

Die ondersoek het getoon dat gewone, en in sommige gevalle gebruikte sonneblom-olie, gekleur en gegeur word om olyfolie na te boots of met regte olyfolie versny word. Dit is plaaslik verpak maar geëtiketteer as ingevoerde, suiwer olyfolie.

Hierdie skuldigbevinding is die eerste van sy soort wat van toepassing is op die oliebedryf en die deeglike aard van die ondersoek is aangeprys. Volgens regskenners behoort hierdie suksesvolle vervolging die weg te baan vir soortgelyke ondersoeke in die voedselbedryf.

Vir nadere inligting, kontak Hennie Kleynhans by 012 843 5600 of 082 879 3995.

Einde